# Enkele Skrifgegewens oor die Diakensamp

## HANDELINGE 6 EN DIE DIAKENSAMP

Die eksegese van Hand. 6 is van wensenlike belang vir die siening van die diakensamp:

Terwyl ons bevestigingsformulier vir diakens sy uitgangspunt neem in Hand. 6, doen ook die rapport van die Part. Sinode van Kaapland en S.W.A. soos vervat in die Handelinge van 1964 presies dieselfde — alleen word die taak opgedra aan die diakens in Hand. 6 verskillend verstaan.

Aan die ander kant het daar egter veral sedert die begin van hierdie eeu al meer stemme opgegaan wat die beskouing verwerp as sou Hand. 6 die ontstaan van die diakenamp beskryf. (Vir 'n opsomming van die verskillende standpunte sien K. Dijk, *De Dienst der Kerk*, 239-240.)

Vir die suiwere siening van die diakensamp moet dus in die eerste plek gevra word na die betekenis van Hand. 6.

Die twee wesenlike vrae rakende Hand. 6 is:

1. Het ons hier te doen met die instelling van 'n amp?
2. Indien wel, wat is hierdie amp van die Sewe?

### 1. HET ONS IN HAND. 6 TE DOEN MET DIE INSTELLING VAN 'N AMP?

Hoewel die menings van erkende eksegete hieroor verskil (vgl. weer Dijk, *De dienst der Kerk*, 239-240), meen ek tog dat daar eksegeties genoegsame gronde is om in Hand. 6 die instelling van 'n besondere amp te sien:

(a) Die gedetailleerde beskrywing van die ordelike en formele aanwysing en bevestiging van die Sewe:
   (i) Die gemeente word „amptelik" *saamgeroep* deur die apostels (vs. 2);
   (ii) Hulle word *gekies* deur die gemeente (vs. 5);
   (iii) Hulle word behoorlik *voor* die apostels *gestel* (vs. 6);
   (iv) Deur gebed en handoplegging (vs. 6);
   (v) word hulle „oor hierdie nodige saak" aangestel (vs. 3).

(b) Die ooreenstemming met bevestiging in die amp van apostel of ouderlinge.

Hierdie beskrywing van die instelling van die Sewe klop nie alleen met die teenswoordige idee van ampsbevestiging nie, maar treffend is die ooreenkoms met ander *amps*bevestigings in die N.T. waaromtrent daar *nie* twyfel bestaan nie.

'n Skematiese vergelyking toon die ooreenkoms die duidelikste. Ons vergelyk Hand. 6 met Hand. 1 (verkiesing van 'n apostel in die

plek van Judas); Hand. 13 (die daadwerklike uitsending van Paulus en Barnabas; Hand. 14 : 23 (die verkiesing van die ouderlinge).

| HAND. 1 | HAND. 13 | HAND. 14:23 | HAND. 6 |
|---|---|---|---|
| Naam van apostel word uitdruklik vermeld soos tevore ook dié van die ander elf. | Name van Paulus en Barnabas uitdruklik vermeld. | Verkiesing van ouderlinge geskied onder leiding van die apostel Paulus. | Name van Sewe word uitdruklik vermeld. |
| Verkiesing geskied onder leiding van apostels. | Afsondering vir werk waartoe Here geroep het geskied onder leiding van profete en leraars. | Apostel *laat* kies in elke gemeente. | Verkiesing van Sewe geskied onder leiding van apostels. |
| Aanwysing in vergadering van die gelowiges. | | | Aanwysing in vergaderde gemeente. |
| Aanwysing deur verkiesing van 2 tussen wie die lot gewerp word. | | Kies deur opsteek van hande. | Aanwysing deur verkiesing deur gemeente. |
| Verkosenes word voor apostel gestel. | | | Verkosenes voor apostels gestel. |
| Instelling in amp gepaard met gebed. | Afsondering vir amp gepaard met vas en gebed. | Verkiesing vir amp gepaard met gebed en vas. | Instelling van Sewe gepaard met gebed. |
| | Afsondering plegtig afgesluit met handoplegging. | Verkiesing plegtig afgesluit met handoplegging. | Verkiesing afgesluit met handoplegging. |

Hand. 6 bevat dus al die kenmerke van die instelling van 'n amp wat op ander plekke in Handelinge met betrekking tot die apostelamp en die ouderlingamp voorkom.

*Besluit:*

Op grond van hierdie ontleding *moet* gekonkludeer word dat ons in Hand. 6 inderdaad te doen het met die instelling van 'n besondere amp.

## 2. WAT IS DIE AMP VAN DIE SEWE?

(a) *Die benaming van die ampsdraers.*

Die gebruiklike naam vir hierdie ampsdraers is blykens Hand. 21:5, „die Sewe". Met hierdie naam word hulle klaarblyklik genoem in onderskeid van maar ook na analogie van „die Twaalf" as benaming vir die apostels.

Die naam „diakens" word egter nêrens vir hulle gebruik nie. (Daarom sal ook die bepaling van hulle amp verder op *saaklike* oorwegings gebou moet word.)

(b) *In die lig van die oorsaak vir hulle instelling.*

Die oorsaak kry ons uitgedruk in 6:1 : „En in daardie dae, toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Hellenistiese Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees oor die hoof gesien is in die daaglikse bediening."

Dit gee dan aanleiding tot die sameroeping van die gemeente deur die apostels en loop uit op die verkiesing van die Sewe.

(i) *Die aanleidende oorsaak:*

Sekere weduwees is oor die hoof gesien in die daaglikse bediening. Daar was weduwees, hulpbehoewendes, wat gebrek gely het in die gemeente.

Wie dus na die aanleidende oorsaak alleen oordeel, kan die amp van die Sewe sien as „versorging van die weduwees", of breër: die versorging van al diegene wat nie eie middele het om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie: *die versorging van die armes.*

(ii) *Die direkte oorsaak:*

Omdat hulle weduwees in die daaglikse bediening oor die hoof gesien is, het daar binne die gemeente „'n murmurering ontstaan van die Grieksprekende Jode teen die Hebreërs".

Uit die verwaarlosing van die weduwees van die Hellenistiese Jode het dus 'n veel omvangryker probleem voortgevloei: die onrus in die gemeente.

„Murmurering", dit is 'n woord (Grieks: γογγυσμός) wat in die Joods-Griekse spraakgebruik 'n besondere konnotasie gekry het, nl. as aanduiding dat die geestelike gesindheid van die volk van God nie reg is nie (vgl. Theologisches Wörterbuch zum N.T. I, 729-730).

Van groot belang is daarby ook die feit dat die murmurering, die geestelike steuring in die gemeente juis tussen twee duidelik onderskeie groepe was, nl. die Hellenistiese Jode en die Palestynse (Hebreër-) Jode.

Die grotere saak, die murmurering in die gemeente, wat 'n openbaring was van 'n basies verkeerde geestesgesteldheid wat in die gemeente begin ontwikkel het, nl. onenigheid en twis in plaas van volle gemeenskap, was dus die sekondêre (uit die verwaarlosing van die weduwees voortvloeiende) maar dan ook die direkte oorsaak vir die verkiesing van die Sewe.

Toe daar onenigheid, gemeenskapsverbreking, in die gemeente ontstaan het, *toe* het die apostels die gemeente byeengeroep.

Wie dus na die direkte oorsaak oordeel — en dit skyn meer reg te hê — kan die amp van die Sewe veel breër sien: as 'n amp wat moes sorg vir die goeie orde en welstand, die geestesgesteldheid, eenheid en gemeenskap van die gemeente — waarby natuurlik die versorging van die weduwees 'n besliste onderdeel van die amp vorm.

(c) *Die omskrywing van die amp deur die apostels.*

(i) *Wat is die „hierdie nodige saak" van vers 3?*

As gevolg van die murmurering, die onenigheid in die gemeente, die sondige geestesgesteldheid wat die gemeenskap in die kerk versteur — iets wat voortgevloei het uit die oor die hoof sien van die weduwees van die Hellenistiese Jode — verklaar die apostels:

„Dit is nie reg dat ons die Woord van God nalaat om die tafels te bedien nie" (vs. 2).

Twee werksaamhede word dus onderskei: „die (bediening van die) Woord van God"; en „die bediening van die tafels".

By die grootskaalse uitbreiding van die gemeente (6 : 1) vind die apostels dit onvermydelik dat die „bediening van die tafel" moet lei tot die „nalaat van die Woord van God".

En daarom besluit die apostels om sewe manne „oor hierdie nodige saak" aan te stel, maar „ons sal volhard in die gebed en die bediening van die Woord" (6 : 3, 4).

*Dus:* „Hierdie nodige saak" = „die bediening van die tafels".

(ii) *Aangestel oor die bediening van die tafels:*

Die Sewe word aangestel *„oor* hierdie nodige saak", *oor* die bediening van die tafels, en nie *vir* die bediening van die tafels nie.

In Grieks staan daar: Kathistanai épi genitief. ἐπι met die genitief by dié werkwoord druk uit: „'über', von Herrschaft und Aufsicht" (Blass-Debrunner, Grammatik §234).

Hulle kry *opsig* oor die nodige saak van die bediening van die tafels — hulle word met besliste gesag beklee!

*Dus:* Die amp van die Sewe is nie bloot administratief nie, maar sluit in sekere *regerende gesag.* (So ook R. B. Rackham: The Acts of the Apostles, 1964, bl. 86.)

(iii) *Wat is die bediening van die tafels?*

(a) *Alleenlik armversorging?:*

Dit is duidelik dat die bediening van die tafels in verband gebring moet word met Hand. 2:46 (die daaglikse bediening van die brood van huis tot huis) en Hand. 4:35 („En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het").

Dit hang dus ten nouste saam met die hele gemeenskapslewe van die vroegste gemeente (soos in die verskillende studiestukkie wat reeds gesirkuleer is, by herhaling betoog word).

Dit is egter myns insiens baie belangrik om Hand. 6 en die onderskeiding van die werk van die Apostels en die amp van die Sewe in „bediening van die woord en die gebede" en „bediening van die tafels" ook te besien teen die agtergrond van *Hand. 2:42* waar die lewe van die vroegste gemeente na sy wesenstrekke beskryf word as 'n *volharding in vier sake:* „En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede".

Tot met Hand. 6 is dit duidelik dat die Apostels die beheer en toesig oor al vier hierdie sake gehad het. By die instelling van die amp van die Sewe beperk die Apostels hulle werk egter uitdruklik tot *twee* van hierdie vier sake: „ons sal *volhard* in die gebed en die bediening van die woord (= die leer van die apostels)" (6:4).

Dit lê dus voor die hand om in die amp van die bediening van die tafels te sien: die ander twee wesenstrekke van die gemeentelike lewe: „die gemeenskap en die breking van die brood".

Tewens: Hand. 6 bring self hierdie twee elemente ten nouste in verband met die amp van die Sewe: die „breking van die brood" is duidelik aanwesig in die „tafels"; terwyl die „gemeenskap" sterk na vore tree in die direkte oorsaak vir die instelling van die amp van die Sewe, nl. in die murmurering, die onenigheid, die verbreking van die gemeenskap tussen die Hellenistiese en die Hebreeuse Jode.

*Dus:* Ook vanuit hierdie gesigspunt gesien is daar sterk aanduidings dat die amp van die Sewe meer omvat as net armversorging — hoewel dit beslis *deel* vorm van hulle werk.

(b) *Die blote administrering van alle stoflike goedere van die gemeente?*

Die bediening van die tafels (6:2) of die breking van die brood (2:42, 46) was nie net vir die armes bedoel nie, maar vir die hele gemeente (die liefdesmaaltye).

*Maar* — en dit is 'n uiters belangrike punt wat in die reeds gesirkuleerde studiestukke nie na vore gekom het nie! — *die „bediening van die tafels kan nie beperk word tot die gewone liefdesmaaltye alleen nie! Dit kan nie losgemaak word van die sakrament van die heilige nagmaal nie.*

Ons het reeds aangetoon dat dit ten minste sowel die „gemeenskap" as die „breking van die brood" van Hand. 2:42 blyk te omvat.

Die uitdrukking „die breking van die brood" sluit wel (heel waarskynlik) die daaglikse liefdesmaaltye in, waarvan die primêre gedagte die liefdesgemeenskap is, maar dit sien sonder twyfel, selfs in die eerste plek, op die gereelde viering van die heilige nagmaal.

(So, om maar net 'n paar eksegete te noem: J. Behm, artikel oor àrios, T.W.N.T. I, 475-476 en artikel oor Klăsis, T.W.N.T. III, 728-729; R. B. Rackham, The Acts of the Apostles, 35-40; F. W. Grosheide, De Handelinge der Apostelen I, 95; F. Reinecker, Sprachlicher Schlüssel zum Griechischen N.T., 255; L. Floor, In dieselfde Spore, 64.)

Vergelyk maar Hand. 20:7 en, baie duidelik, I Kor. 11.

Tereg verklaar L. Floor (In dieselfde Spore, 65) met verwysing ook na A. M. Brouwer (De Kerkorganisatie der eerste eeuwen en wij, 32): „Gedurende die eerste eeu het dit gelyk asof die liefdesmaal nie 'n afsonderlike maaltyd was nie, maar 'n bestanddeel gewees het van die nagmaalsviering."

*Dus:* Dit kan dus nie betwyfel word nie, dat die heilige nagmaal ten minste óók deel gevorm het van hierdie „tafels" wat bedien is nie, en dat daarom die amp van die Sewe klaarblyklik nie beperk kan word tot die blote administrering van die stoflike.

(c) *Positief:*

Net weer: die Sewe is aangestel *oor* die bediening van die tafels (sien hierbo).

Hulle het dus *opsig* oor die liefdesmaaltye, die gemeenskapslewe van die gelowiges, maar óók oor die viering van die heilige nagmaal!

Regerende toesig oor die bediening van die sakrament!

(d) *Die amp van die Sewe in die lig van verdere gegewens:*

Kenmerkend is die *gebrek* aan verdere gegewens oor die amp van die Sewe.

Verwysing na die Sewe as groep kry ons nog slegs eenmaal, in Hand. 21:8, waar na Filippus verwys word „wat een van die Sewe was".

Van vyf van die Sewe hoor ons geen verdere woord.

Van twee wel, nl. Stéfanus en Filippus.

Oor Stéfanus lees ons in hoofstuk 6 en 7 slegs van sy verkondiging van die Evangelie, en tekens en wonders.

Van Filippus, in hoofstuk 8, ook slegs van sy verkondiging van die Evangelie en dat hy die sakrament van die heilige doop bedien (8:38)! En in Hand. 21:8 word hy genoem „die Evangelis", synde (ontos) een van die Sewe".

Verder verdwyn hulle totaal van die toneel.

Uit hierdie skrale gegewens kan ons slegs aflei: dat die bediening van die woord en selfs die sakrament klaarblyklik nie so radikaal van die amp van Sewe geskei was as wat miskien uit Hand. 6:2-4 afgelei kan word nie. Ook toon dit dat hulle werk nie slegs tot stoflike dinge beperk kan word nie.

*Samevatting oor die amp van die Sewe:*

1. Hulle word nêrens in tegniese sin diakens genoem nie. Wel word die uitvoering van hulle werk indirek diakoneo genoem, wat egter, so gebruik, 'n algemene term is vir die dienswerk in die werk van Christus.
2. Die amp is *opsig oor:*
   (a) die versorging van die weduwees;
   (b) die stoflike gemeenskap van die gelowiges;
   (c) die eenheid en gemeenskapslewe van die gemeente;
   (d) die viering van die heilige nagmaal;
   (e) selfs skyn die verkondiging van die Woord en die bediening van die doop nie uitgesluit te wees uit hulle werk nie.
3. Hierdie amp van die Sewe is dus geweldig omvattend en bevat elemente van aldrie die ampte soos ons hulle vandag ken. Verskeie van die elemente word later in die N.T. uitdruklik aan ander ampte verbind, bv. die opsig oor die gemeenskap van die gemeente aan die ouderlinge (vgl. o.a. 1 Petr. 5); die leer aan die „ouderlinge wat arbei in woord en leer" (vgl. 1 Tim. 5:17).
4. Hiermee samehangend is dit baie opmerklik dat ons in die latere Bybelse geskiedenis van die vroeë kerk nie meer van die Sewe hoor nie. Hulle skyn te verdwyn sodra die ampte van ouderling en leer-ouderling (en diaken?) ingestel is.

SLOTSOM

*Negatief:*

(i) Die amp van die Sewe kan nie beperk word tot die versorging van die behoeftiges nie.

(ii) Ook nie tot die administrering van die stoflike goedere van die gemeente nie.

(iii) Daar blyk geen regverdiging voor te wees om die amp van die Sewe te vereenselwig met die diakenamp as onderskeie amp naas die amp van die ouderlingskap en die amp van herder en leraar nie.

*Positief:*

Na alle waarskynlikheid moet ons uit die N.Tiese gegewens konkludeer dat die amp van die Sewe die prototipe van al drie die later ampte is, die eerste en voorlopige ampsontwikkeling uit die apostelamp, wat soos laasgenoemde eenmalig was.

My slotsom stem grootliks ooreen met dié van R. B. Rackham (The Acts of the Apostles, 86): „At first all the future orders of church ministers were embodied in the apostolic college, from which body they were derived by differentiation. The first order differentiated is that of the Seven. So we may look upon them as containing implicitly the remaining orders. Though neither a presbyterate nor diaconate, they include both offices and are the ancestors of both presbyters and deacons.”